TIMOL

Lewend was hy baie werd, getuig kaptein



'N FOTO van kamer 1026 op die tiende verdieping van John Vorsterplein — die kamer waaruit Timol hom doodgeval het. Tydens die ondervraging het Timol op stoel B gesit. Kapt. Van Niekerk het op stoel C gesit en kapt. J. H. Gloy op stoel A.

TWEE KAPTEINS van die Veiligheidspolisie wat sowat 31 uur in Timol se geselskap was en saam met hom gesit en koffie drink het kort voor sy dood, is gister lank deur die regsverteenwoordigers van die Timol-gesin ondervra oor die 30-jarige Indiëronderwyser se laaste oomblikke.

Kapt. J. H. Gloy is die hele voormiddag in kruisverhoor geneem deur mnr. J. A. Maisels, QC, (namens die Timol-gesin) in die geregtelike ondersoek na die dood van Ahmed Essop Timol in die Johannesburgse landdroshof.

Timol het op 27 Oktober verlede jaar gesterf toe hy uit 'n venster op die tiende verdieping van John Vorsterplein geval het.

Kapt. Gloy het, toe hy ten slotte 'n paar vrae gevra is deur mnr. S. A. Cilliers (namens die Suid-Afrikaanse Polisie), gesê dat Timol vir hulle van baie waarde was.

„Indien hy nie gesterf het nie, kon hy vir ons verdere inligting verskaf het. Daar was nog inligting wat ons van hom wou hê en ons sou dit moontlik later uit hom gekry het," het die kaptein gesê.

Die verklaring wat kapt. J. Z. van Niekerk aan genl. C. A. Buys gedoen het, is ook gister in die hof uitgelees en ingedien as deel van sy getuienis.

Verklaring

In die verklaring het kapt. Van Niekerk gesê dat Timol op 23 Oktober om 6 vm. deur lt.-kol. W. P. van Wyk aan hom en kapt. Gloy oorhandig is.

„Ons het hom ondervra oor sy skakeling met drie Blankes met die name Quentin, Martin en Henry. Hy het ontken dat hy hulle ken en het gesê dat Quentin 'n Kleurling is en net 'n sosiale vriend van hom is.

„Op 24 Oktober het ons hom weer ondervra — dit was van sowat 8 vm. tot 8 nm. Op die 27e het ons hom weer ondervra.

„Hy kon geen inligting verskaf oor die drie Blankes nie. Hy het egter openlik erken dat hy 'n lid van die Kommunistiese Party is," het die kaptein gesê.

Volgens hom het Timol ook by meer as een geleentheid die vrees uitgespreek dat hy seker vir 20 of 25 jaar tronk toe sal gaan.

Op 27 Oktober om sowat 3.30 nm. het sers. Rodriques vir hul le koffie gebring. Timol het by 'n tafel gesit en het heeltemal op sy gemak gelyk. Om 3.50 nm. het 'n lid van die Mag die kantoor binnegekom en gesê dat hy nou weet wie Quentin, Martin en Henry is.

Inligting

„Ons drie het toe uit die kantoor gestap om die inligting te kontroleer. Sers. Rodriques is gevra om te bly en hy het agter die tafel plaasgeneem toe die ander drie manne die kantoor verlaat", het kapt. Van Niekerk gesê.

Etlike oomblikke later is die kaptein meegedeel dat Timol by die venster uitgespring het. Hy het hom teruggehaas en by die venster van die kantoor uitgekyk.

Hy is toe dadelik onder toe om te gaan kyk of Timol nog leef. Toe hy daar kom, het Timol op sy gesig gelê met sy regterskoen langs hom.

„Ek dink hy het dit gedoen omdat hy bang was vir die lang tyd wat hy in die tronk sou moet deurbring," het kapt. Van Niekerk in die verklaring gesê.

In kruisverhoor deur mnr. G. Bizos (mnr. Maisels se junior) het die kaptein gesê dat hy na Timol se dood notas oor die gebeure gemaak het in die vorm van 'n verklaring. Op die 28e het hy dié notas gemaak.

Hy het erken dat daar toe reeds „'n groot lawaai" oor die hele aangeleentheid was.

Vertel

Kapt. Van Niekerk het verder ook vertel wat sers. Rodriquez aan hom vertel het nadat Timol deur die venster gespring het.

Die kaptein het gesê dat hy sers. Rodriquez in die gang aangetref het en hom gevra het wat gebeur het.

„Hy het aan my gesê dat nadat ons uit die kantoor is, Timol aan hom gesê het dat hy na die latrine wil gaan. Timol en hy het toe opgestaan. Dit het gelyk of hy wil loop. Sers. Rodriques het om die tafel, waaragter hy gesit het, gekom terwyl Timol by die ander hoek van die tafel was.

„Hierna het Timol skielik opgespring en na die venster gehardloop. Hy het dit oopgemaak en uitgespring. Sers. Rodriques het gesê dat hy eers aan die linkerkant wou omspring. Hy het toe egter regs om gegaan en was te laat om Timol te keer," het kapt. Van Niekerk gesê.

In dié stadium het mnr. Bizos dit aan kapt. Van Niekerk gestel dat sy weergawe van wat sers. Rodriquez gesê het, verskil van die weergawe wat genl. Buys op 30 Oktober aan die Sondag koerant, RAPPORT, gemaak het. Mnr. Bizos het die stuk voorgelees.

Berig

Kapt. Van Niekerk het egter gesê dat hy nie kan onthou dat hy dié Rapport gelees het nie.

Mnr. Bizos: „As jy dit sou gelees het, sou jy gedink het dat die koerant se berig foutief is?"

Kapt. Van Niekerk: „My houding sou gewees het dat dit maar net nog 'n koerantberig was."

Kapt. Van Niekerk het in verdere kruisverhoor ontken dat Timol deur die nag ondervra is.

Timol is in die aand na ure deur twee lede van die Mag in die ondervragingskamer opgepas. Daar is verskeie redes waarom hulle hom daar moes hou en nie in 'n sel nie. „Maar die aangehoudene moeg moet word en die volgende oggend die vrae maklik beantwoord.

Slaap

Kapt. Van Niekerk het egter daarby gestaan dat Timol wel geslaap het — „Timol het self aan my gesê dat hy geslaap het."

Timol het nooit oor enigiets gekla in sy teenwoordigheid nie. Hy het egter wel versoeke gerig — soos dat hy latrine toe wil gaan. Hy wou ook eenkeer sy tande in die dag gaan borsel.

Op verdere vrae van mnr. Bizos het die kaptein gesê dat hy rede gehad het om te glo dat Timol en Jacobsen — wat onlangs vrygespreek is op 'n aanklag onder Wet op Terrorisme — mede-samesweerders was.

Op 'n vraag oor hoekom die kaptein sê Timol was geskok toe hy hoor dat die polisie weet wie Quentin is, het die kaptein gesê dat die eerste woorde van mnr. X toe hy die kantoor binnekom, was: „Ek weet wie Quentin, Martin en Henry is."

„Ek het vir 'n oomblik na Timol gekyk. Ek het gesien dat hy geskok is. Sy oë was effens groter en hy het 'n trek op die gesig gehad. Hy het na my en kapt. Gloy gekyk en het daarna sy kop laat sak sonder om 'n woord te sê," het kapt. Van Niekerk gesê.

Die ondersoek duur voort.

KAPT. J. H. GLOY van die Veiligheidspolisie.

ADV. GEORGE BIZOS